# 8 Maart 2024 - Lesing 256 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Werksaamheid in die Hiernamaals **–** uitdeel van die waarheid - 20/1/62

**NO: 8083** Sonder die waarheid kan julle nie salig word nie. **Want die waarheid is lig** en sodra julle die ryk van die hiernamaals binnegaan, sal elke **dwaling** waaraan julle nog vashou, **die lig verduister**. Dit sal afbreuk doen aan sy ligintensiteit.

En dit sal vir julle siel beteken dat sy self nog **geensins verlossend werksaam kan wees nie.** Maar die siel vind haar geluk slegs deur verlossend werksaam te wees. Sy kan dus self geen lig uitstraal **solank as wat sy dit nie self besit nie,** al hoef sy nie meer in die duisternis te vertoef nie, omdat **haar lewe op aarde** haar toegang tot die ryk van lig verseker het. Maar sy moet haarself vrymaak van verkeerde denke. Sy moet elke skaduwee, dit beteken elke verkeerde gedagte, van haarself afweer. **Sy moet na suiwer waarheid verlang en dan sal sy haar ook kan ontvang**. En die helderste lig sal dan vir haar skyn.

Julle sal moet weet dat julle geluksaligheid in die ryk hierna bestaan daarin **om lig vir die siele in die duisternis te bring**, om hulle te bevry van verkeerde gedagtes en vir hulle die **suiwer waarheid** aan te bied.

Want die waarheid sal vir hulle die weg na My laat vind, Wie hulle nog **nie behoorlik** in hulle dwaling herken het nie.

En daar gaan vele mense die ryk hierna binne wat in **verkeerde denke** verkeer. Julle sal vir hulle hulp moet bring in hul geestelike nood. **Julle sal dus verlossend werksaam moet wees.** Maar hiervoor sal julle self in die lig moet staan. Julle sal in die waarheid onderrig moet word.

Julle moet dus eers probeer om julleself te bevry van **kennis wat nie ooreenstem met die waarheid nie**.

As julle lewe op aarde 'n wersaamheid van liefde was, dan sal julle **skielik die ware kennis insien** sodra julle jul aardse liggaam afgelê het. Julle sal in die helder lig staan en sal nou ook die werksaamheid wat julle geluksalig maak, op ander siele kan verrig.

Maar dikwels hou 'n siel vas aan haar kennis waarvoor sy op aarde opgekom het. En dan is haar toestand nie saligmakend nie. Dan sal sy haarself nog in 'n **skemertoestand** bevind, totdat sy self bereid is om haar in die waarheid te laat onderrig, totdat sy **haar verkeerde kennis laat vaar** en nou ook toeneem in lig, wat stadig begin uitstraal en ook ligintensiteit bevat, dit wil sê **om weer siele uit die donker te help wat die lig wil aanneem**.

Daarom is dit onvergelyklik waardevol om reeds op aarde die waarheid aan te neem. Want dit is lig wat helder en duidelik die weg na bo aanwys **en wat in die geestelike ryk ook geluksaligheid beteken** omdat die siel nou tot haar eie geluk **werksaam** kan wees.

Slegs liefde kan vir julle mense lig bring, selfs wanneer 'n mens sonder geestelike kennis is, want hy sal skielik van alles op hoogte wees en salig wees.

Maar wie liefde het, sal die waarheid ook nie op aarde verwerp as dit eenmaal aan hom oorgedra word nie. En daarom sal dit tot sy voordeel wees wanneer hy die koninkryk van die hiernamaals binnegaan, **omdat hy nou kan uitdeel van die skatte wat hy in die lewe op aarde verwerf het**, deur My gebooie van liefde te vervul. Hy sal ryklik geseënd wees en bevry van alle duisternis sal hy **in die geestelike ryk kan werk**.

Dus, dienooreenkomstig daarmee sal sy lig ook helder wees. **En salig is diegene wat nie sonder liefde voortgaan op aarde nie**. En maak nie saak hoe laag die graad van liefde is nie, dit beteken egter altyd 'n lig wat van groot hulp is wanneer hy in die ryk hierna aankom.

Daarom moet dit julle nie onverskillig raak of julle tydens julle aardse bestaan **in die waarheid is of in die dwaling nie.** Julle sal vooraf alle dwaling moes afgelê het. Julle sal die suiwer waarheid moes aangeneem het, **voordat julle hemelse vreugde in die ryk hierna kan geniet.**

Want dit bestaan uit die verlossende aktiwiteit, wat egter slegs deur 'n siel uitgevoer kan word wat self in die lig staan, **dus in die insig van die suiwere waarheid**, omdat hierdie siel ook in verbinding staan **met My as die ewige Waarheid**.

En hierdie aaneensluiting met My is die **doel** wat elke siel moet bereik as sy geluksalig wil wees en vir ewig so wil bly. Amein.